# 'n Brief aan twee soekers na 'n dieper verstaan

Vrydag, 18 September 2020.

Hallo Jannie en Sannie, (denkbeeldige name)

Ek vertrou dit gaan nog baie goed met julle en julle kinders en kleinkinders. Met ons gaan dit baie goed.

Ek het julle brief gelees en maak graag 'n paar opmerkings.

Ek is dankbaar dat julle so ernstig is oor mens se verhouding met die Here. Ook is ek dankbaar dat julle duidelik ernstige soekers na waarheid is. Dit is uiteraard van lewensbelang!

1. Laat ek begin met 'n woord van waarskuwing. Ek praat uit bittere ervaring. Dit het my jare gevat om my geloofseendjies in 'n ry te kry. En in die proses het ek baie skade gedoen — aan myself, my gesin en aan die eer van die Here. Op teologiese skool het ek nie bloot alles vir soetkoek opgeëet wat geleer is nie en het ook kerklik rondgeloop. Een van my professore het eendag vir my gesê, "Van der Walt, jou probleem is dat jy aan al wat gifpol is, vreet!" *Vandag weet ek hy was reg.*

Die waarheid — die "ware waarheid" — berus op diepliggende fondamente. En soos in 'n gebou, bepaal die fondamente die uiteindelike uitleg daarvan. My probleem was dat elke plek waar ek gaan eet het, verskillende fondamente gehad het en die gebou het 'n deurmekaarspul gebly. Dit het vir jare geduur. Ek sê nie ek was níé gered nie — ek glo met my hele hart dat ek was — maar my "deurmekaargeit" het veroorsaak dat ek allerlei dwaashede aangevang het wat nie tot eer van die Here was nie.

Dit was eers in 1990, nou al dertig jaar gelede, dat ek tot stilstand gekom het en besef het ek moet eens en vir altyd teruggaan na die ABC van my geloof toe.

*Dit was in die volste sin van die woord 'n waterskeidingsbesluit!*

2. Daar is 'n eeue-oue gesegde in die kerk wat destyds vir my bepalend was: *In die noodsaaklike dinge eenheid; in die nie-noodsaaklike dinge vryheid; in alles liefde.*

Waarop kom bogenoemde spreuk neer?

In die Bybel is daar fundamentele waarhede wat ononderhandelbaar is. Verwerp een of meer daarvan en jou Christenskap, selfs jou ewige redding, kom ernstig in die gedrang. Noem dit maar die hoekpenne van jou geloof — soos wat hoekpenne 'n erf of plaas definiëer. Dis dinge waaroor jy geen kompromie kan maak nie en waarvoor jy bereid moet wees om 'n brandstapel tegemoet te stap.

Maar daar is ook nie-fundamentele waarhede in die Bybel, waaroor daar vryheid van standpunt is. Dis dinge wat nie jou saligheid bepaal nie, hoewel dit nie noodwendig onbelangrik is nie. 'n Voorbeeld sou wees jou beskouing oor die eindtye. Uiteraard is broederliefde en eenheid in die liggaam van Christus méér belangrik, en in sulke gevalle is om verskille te duld nie net in orde nie, maar dikwels ook godvrugtig.

*Ons moet die groot temas van die Bybel reg en so goed moontlik verstaan*. As mens 'n legkaart wil bou, dan is jy totaal afhanklik van die boksdeksel waar jy die hele prent kan sien. Hierdie dinge kom ongelukkig nie oornag in fokus nie. Selfs nadat ek reeds 47 jaar 'n Christen is, is die Bybel se "boxtop" steeds besig om meer en meer vir my in fokus te kom. Dit geld ook vir Soniah en ons beleef dit as een van die groot avonture van ons wandel met die Here.

3. My probleem was dat my hoekpenne vaag en onseker was. Dit het ek in 1990 verstaan, en besluit ek loop nie 'n tree verder voordat ek dit nie uitgesorteer en geformuleer het nie. Ek is dus terug na die ABC van my geloof toe. Dit was een van die heel beste dinge wat ooit met my gebeur het.

Die Here was goed vir my. Spoedig het die een hoekpen na die ander in plek geskuif. Ek onthou nog die dag duidelik toe ek agter my lessenaar teruggesit het en vir myself gesê

het: *"Van der Walt, nou is van jou belangrikste hoekpenne vasbeton."* En hierdie proses van geloofsgroei gaan steeds voort. Nóg penne kom by en die bestaandes word al hoe dieper ingeslaan. *En, wonderlik, hierdie penne stem presies ooreen met die penne van die histories-christelike, Godgesentreerde, Christusgefokusde en Woordgefundeerde geloof, soos eksak en met groot wysheid in die reformatoriese belydenisskrifte geformuleer!*

*My en Soniah se lewens was ná 1990 nooit weer dieselfde nie*.

4. Wat sal ek vir jou/julle aanbeveel?

4.1 Maak daaglikse gebed 'n prioriteit in jou lewe en pleit voortdurend by die Here om jou in waarheid te lei en te leer. Ons leef in 'n kerklike wêreld wat krioel van dwalinge en ketterye!

Ek is van harte eens met die Heidelbergse Kategismus:

*<u>Vraag en antwoord 116</u>: Waarom is die gebed vir die Christene nodig? Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).*
*(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.*

En vra amper elke dag die leiding en verligting van die Heilige Gees. Ek praat nie van "saying your prayers nie"; ek praat van ernstige hartsgebed. En moenie té haastig wees om klaar te maak nie.

4.2 Lees self die Bybel — veral op hierdie stadium die Nuwe Testament — oor en oor en kry *vir jouself* duidelikheid. Doen dit biddend en vertrou die Heilige Gees om jou te lei en te verlig.

Ek bedoel nie dat jy koppig "self sal besluit" nie; inteendeel. Máár in die finale analisie sal ek en jy eendag sélf aan die Here moet verantwoording doen.

4.3 Skakel in by 'n gemeente wat bogenoemde glo, verkondig en uitleef. Uiteraard geld dit veral vir die leraar. Moenie jouself blootstel aan 'n gemeente waarvan dit nie waar is nie. *Daar is eenvoudig té veel op die spel!*

4.4 Stel 'n premie daarop om die regte boeke met onderskeiding te lees (oppas vir die meeste "Christelike" boekwinkels; hulle het dikwels meer *trash* op hulle rakke as enigiets anders en stel meer belang in geld as in waarheid). As mens enigiets lees wat voorkom, raak jy vir seker so deurmekaar soos kome kan. Konsentreer op die fundamentele en noodsaaklike waarhede wat <u>bogenoemde betroubare hoekpenne</u> het — Godgesentreerd, Christusgefokus en Woordgefundeerd.

Hoe sal mens weet? Vra iemand wat ryp in die geloof is, in wie jy ware godsvrug ("godliness") sien en wat jy uiteraard vertrou.

Luister op internet na die <u>regte</u> predikers. Daar is talle, maar helaas ook 'n horde wat jy ten alle koste moet vermy.

Ek weet nie tot watter mate julle my en Soniah se opinie vertrou nie, maar ons sou uiteraard met graagte 'n klompie name kan voorstel. Ook leesstof.

Hartlike groete. Ons sien uit na 'n kuier. Ons het meer as genoeg slaapplek.

Nico